24 SEPTEMBER 2017

09:00 Erediens
Eric Scholtz

Geen Kategese a.g.v. langnaweek

18:00 Aanddiens in die Kapel
Immanuel van Tonder
Die vryheid en krag van nederigheid

1 OKTOBER 2017

09:00 Erediens – Doop
Eric Scholtz

09:30 Lynnwood Oord-diens – Nagmaal
Johan Jooste

18:00 Aanddiens
Immanuel van Tonder

Baie dankie aan almal wat deelgeneem, of op welke manier ook al, betrokke was by die eko-baksteenprojek. Die projek was 'n groot sukses - ons het tans 61 bakstene!

Voorbidding:

Rykie Snyman, St. Peters Garden Estate, Jacqueline Rylaan 457, Garsfontein, 082 873 0013 – suster herstel na operasie.

Koos Terblanche, Oxfordsteeg 4, Lynnwood Manor, 082 886 0418 – herstel na operasie.

Henna Lombaard, Hoërskool Menlopark, Atterburyweg, Menlopark, 082 926 8378 – Zuid-Afrikaans Hospitaal.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Publieke Vakansiedag**.
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Johan Op't Hof: Die geskiedenis van die Jode
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854. **Oop vir die Oomblik-kursus** 19:00 (Kapel) – Willem Nicol en Immanuel van Tonder 083 540 6015.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van Lidmaatskap:

Kotie Viljoen, Rosemaryweg 333, Menlopark, 082 426 4975.

Jakaranda Kinderhuis:

Belangstellendes word vriendelik genooi om betrokke te raak by die versiering van Jakaranda Kinderhuis 6 se Kersliggies!
Ons begin gedurende Oktober met beplanning. Kontak asseblief vir Anneke Doms by 082 376 2604 of e-pos adoms@telkomsa.net.

Ons help ook dié jaar weer met fondsinsameling vir Huis 6 deur 'n koffiestalletjie elke aand vanaf 1 – 31 Desember 2017 tydens die Liggiesfees te beman. Ons is besig met voorbereidings en benodig asseblief die volgende: een of meer aande hulp met koffiebediening en/of skenkings van filterkoffie, Nescafé *cappuccino*-sakkies, *hot chocolate*, langlewemelk, suiker, ensovoorts. Baie dankie byvoorbaat vir almal se ondersteuning – dit word opreg waardeer!

Aandmark:

Ons benodig hulp met die bak van vrugtekoek vir die aandmark. Indien u bereid is om te help, skakel asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854.

Materiaal en wol:

Indien u enige afval materiaal of wol beskikbaar het wat u graag vir 'n goeie doel wil skenk bring dit asseblief na die kerkkantoor.

Koster:

Daar is 'n voltydse koster-pos beskikbaar vanaf 1 November 2017. Die pligte behels onder andere: oop- en toesluit; bestuur van terreinpersoneel; die Muur van Herinnering; instandhouding van gereedskap en geboue, bystand by alle eredienste, gereedkry van lokale vir begrafnisse en funksies by die gemeente. Die pakket sluit 'n woonstel op die kerkterrein in. E-pos asseblief 'n twee-bladsy CV, met ten minste twee referente, voor of op 8 Oktober aan kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Vir meer inligting skakel die kerkkantoor 012 348 1245.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjek-rekeningnommer: 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za) of *SnapScan.*

Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: Leer om in die donker te loop

Barbara Brown Taylor onderskei in haar boek *Learning to walk in the dark* tussen twee tipes spiritualiteit. Sy noem die een 'n "full solar spirituality". Dit sou dalk vertaal kon word met 'n "volson spiritualiteit". Hierdie tipe spiritualiteit fokus daarop om 24/7 in God se lig te leef, om deurlopend die sonnige kant van die geloof te absorbeer en te reflekteer. Hierdie spiritualiteit word gekenmerk deur die klem wat op die voordele van die geloof gelê word. Dit sluit in 'n gewiste besef van God se teenwoordigheid, sekerheid van die geloofswaarhede, duidelikheid rakende God se leiding in lewensvraagstukke, en betroubare antwoorde op gebed. Diegene van wie dit waar is, openbaar 'n positiewe lewenshouding, hulle het onwrikbare oortuigings, en staan gewoonlik gereed om ander van hulp en raad te voorsien.

Bogenoemde klink soos hemel op aarde. Wie sou nie graag vir 24/7 in God se lig wou leef nie? Hierdie spiritualiteit kom egter onder groot druk wanneer daar 'n donker wolk oor die gelowige se lewe inbeweeg… Hierdie tipe spiritualiteit bied dan nie baie vaardighede om in die donker oor die weg te kom nie.

Die tweede tipe spiritualiteit noem Brown Taylor 'n "lunar spirituality". Dit is 'n spiritualiteit wat met die stande van die maan vergelyk kan word. In so 'n lunêre spiritualiteit groei en kwyn die Goddelike lig tot ons beskikking soos die van die maan. Brown Taylor skryf: "When I go out on my porch at night, the moon never looks the same way twice. Some nights it is as round and bright as a headlight; other nights it is thinner than the sickle hanging in my garage. Some nights it is high in the sky, and other nights low over the mountains. Some nights it is altogether gone, leaving a vast web of stars that are brighter in its absence. All in all, the moon is a truer mirror for my soul than the sun that looks the same way every day."

Indien hierdie lunêre spiritualiteit 'n getroue weergawe van ons geloofservaring is, beteken dit dat daar iets met ons verkeerd is? Hoe sal ons lewe saam met God lyk as ons saam met hierdie maanritme beweeg in plaas daarvan om dit teen te staan? Wat loop ons dalk mis deur in donker tye outomaties die ligskakelaar te soek? Het ons genoeg geloof om in die donker te leef en om die donker te ondersoek?

Ons moet bogenoemde vrae dalk ernstig opneem en oorweeg. Waarom? Want God werk nie net, en is nie net in die lig teenwoordig nie. Inteendeel! God doen van sy beste werk in die donker. Die uittog uit Egipte het in die nagtelike ure plaasgevind. Terwyl Christus aan die kruis hang, word dit vir etlike ure donker. Christus se opstanding het volgens alle aanduidings ook in die nag plaasgevind.

Wat lê dalk vir ons voor as ons kan leer om in die donker te loop?

Groete

Eric Scholtz *(Namens die predikantespan)*

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Irene Konsentrasiekamp-begraafplaas: Centurion Erfenis-vereniging, SAVF en die Voortrekkers nooi almal na die jaarlikse herdenking op Maandag 25 September 2017 om 07:00 by Stopfordweg 10, Irene. Navrae: Rentia Landman 083 306 5492 of rlandman@lantic.net.

VLU Lynnwood: *Gee vlerke aan jou Drome*, 27 September om 09:30 by NG Kerk Garsfontein, Emmie Hartmanstraat, Garsfontein. Kaartjies R100 (sluit ligte verversings in) – kontak Nelia 082 685 8900. Spreker: Sheri Brynard (internasionale spreker en ambassadeur vir mense met Down's Sindroom) is die enigste persoon met Down's Sindroom wat 'n tersiêre onderwys diploma sonder kursus aanpassing of spesiale bystand verwerf het. Sy werk as onderwyseres by die Lettie Fouche-sentrum in Bloemfontein. Sy het 'n wonderlike positiewe lewensuitkyk en fokus op die vermoëns en nie die beperkinge van mense met Down's Sindroom.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3de Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.